INLIGTING VIR GROEPLEIERS

❖ **DATUM**:	14 Junie 2020
❖ **DIENS**:	Weeklikse oordenking
❖ **TEKS:**	Handelinge 4:32-5:11
❖ **TEMA**:	Voorgee of oorgee – Ananias en Saffira
❖ **GELEENTHEID**:	Begin van die Koninkryktyd
❖ **OPSTELLER**:	Marina Pienaar (082-872-3958)

❖ **OMGEE**

- Dit word nou regtig koud en die winter is nou voluit hier. Gesels met mekaar oor wat van die winter hou jy van en waarvan hou jy niks.

❖ **AGTERGROND**

- Handelinge beskryf vir ons die mense se reaksies op God se Hand in die kerk.
  - Nie alle mense reageer dieselfde nie – nie destyds nie en ook nie vandag nie. Party mense verwerp God se hand, ander gryp dit aan en ander probeer om God se hand te misbruik. Een so ‘n slegte verhaal, is die verhaal van Ananias en Saffira.
- Ons Skrifgedeelte is **Hand 4:32-5:11**.
- Marina het hierdie baie goeie “Gespreksblad” geskryf. Lees dit asseblief.

❖ **INLEIDING**

- Goeie môre al die Stellastraat kinders. Ons hoop dit nog goed met elkeen van julle
- Wat doen julle alles by die huis? Laat weet ons bietjie want ons verlang vreeslik na julle..
-
- Kersie aansteek ...

❖ **GEBED**

- Om deel te wees van ‘n gemeente help ons baie. Kom sê vandag vir die Here dankie vir Stellastraat. Bid as huismense saam.

❖ **AANBIEDING**: (sien Powerpoint wat aangeheg is)

- Wie van julle ken vir Pinnochio?
- Toe ons klein was het ons graag Pinnochio op die televisie gekyk. Pinnochio is ‘n hout pop seuntjie. Wanneer Pinnochio jok of leuens vertel,begin sy neus gegroei. (slide 1)
- Vandag luister ons na ‘n verhaal uit die Bybel waar mense ook gejok en leuens vertel het.
  - Die Bybel verhaal lees ons in die boek Handelinge. Ons lees uit Handelinge 5:1-11
    - *“In die gemeente was daar ook ‘n man met die naam Ananisa. Hy en sy vrou Saffira het ‘n plaas besit. Hy het gesien dat die ander Christene hulle huise en grond verkoop het. Met die geld wat hulled an daarvoor gekry het, het hulle ander arm Chrsitene gehelp. Ananias besluit toe da thy di took gaan doen. Hy verkoop sy grond en kry ‘n klomp geld daarvoor. Maar hy het darem nie baie lus gehad om al hierdie geld vir Jesus se vriende te gaan gee nie. Toe sê hy vir sy vrou da thy ‘n deel van die geld vir homself gaan vat. Hy neem toe die res van die geld na Jesus se vriende toe sodat hulle dit vir die armes kon gee. Maar hy jok en sê vir Jesus se vriende: “Hier is al die geld wat ek vir my plaas gekry het.”*
    - *Petrus sê toe vir hom: “Ananias, hoekom doen hy wat die duiwel vir jou sê? Jy jok nou vir die Heilige Gees. Jy het ‘n deel van die geld vir jouself gevat. Die plaas het aan jou behoort. Niemand het gesê jy moet dit verkoop nie. En toe jy dit verkoop het, kon jy ook met die geld*

gemaak het net wat jy wou. Maar hoekom het jy besluit om te jok en te sê jy het al jou geld vir die kerk gebring? Jy is nie besig om vir mense te jok nie, maar vir God." Toe Ananias dit hoor, het hy dood neergeval. ……."

- *Vanaf vers 7-9 - Omtrent drie ure later het sy vrou daar aangekom niemand het nog vir haar vertel wat gebeur het nie. Toe Petrus haar sien, vra hy haar: "Saffira, het jou man Ananias regtig al die geld van die plaas vir die kerk gegee?"*
- *Sy antwoord toe: "Ja, regtig, hy het alles gebring"*
- *Toe sê Petrus vir haar: "Waarom was jy en jou man so skelm? Hoekom vat julle so kanse met die Heilige Gees? Het julle regtig gedink dat die Heilige Gees nie sal weet as julle so jok nie?*
- *Sy het ook dadelik by Petrus se voete dood neergeval.*

- Verlede week het ons meer geleer oor die eerste Christelike kerk.
  - Die mense wat lief vir mekaar. Hulle het vir mekaar omgegee en gesorg. Hulle was mededeelsaam. Hulle het hulle besittings met mekaar gedeel. Hulle was soos boeties en sussies van mekaar. Die mense van die kerk het hulle grond en besittings verkoop en die geld vir die kerk gegee. Die kerk het dan vir die armes en siekes gesorg.
- Maar daar was 'n man en vrou in die kerk in Jerusalem wat oneerlik was. Hulle was getroud. Hulle name was Ananias en Saffira. (slide 2)
  - Op 'n dag het hulle 'n stuk grond verkoop en die geld vir die kerk te gee. (Slide 2)
- Toe hulle die geld huis toe vat, kry hulle 'n blink plan. (slide 3)
  - Hulle sê vir mekaar. "Kom ons hou 'n deel van die geld, en sê vir die kerk dat ons al die geld gegee het. Dit sal ons belangrik laat lyk. Almal sal dink ons is baie goeie mense en niemand sal weet dat dit nie al die geld is nie" (slide 4)
- Ananias vat net een sakkie vol munte na die kerk toe. (slide 5)
  - Hy sê vir Petrus: "Ek het my plaas verkoop en ek gee al die geld vir die kerk" (slide 5)
- Die Here het vir Petrus gesê dat Ananias besig is om te jok. (slide 5)
- Petrus sê toe vir die Ananias: "Ananias, jy het 'n deel van die geld weggesteek. Hoekom vertel jy nie die waarheid nie? Dit is jou grond en jy mag net 'n deel van die geld vir die kerk gee? Hoekom sê jy dat jy al die geld vir die kerk gee. Jy jok nie vir mense nie, maar vir God" (slide 6)
- Ananias het net daar dood op die grond geval. (slide 7)
- Saffira, het nie geweet dat Ananias dood is nie.
  - 'n Rukkie later kom Saffira met 'n sakkie munte by die kerk aan. Sy het ook 'n sakkie met munte weggesteek. (slide 8)
  - Petrus vra vir Saffira. "Is hierdie al die geld wat jy vir jou grond gekry het?:
  - Saffira antwoord: "Ja, dit is al die geld. En ons gee dit vir die kerk" (slide 8)
  - Petrus sê vir haar: "Hoekom jok jy en jou man vir God. Jou man is nou net dood omdat hy vir God gejok het. Nou gaan dieselfde met jou gebeur" (slide 9)
- Ananias en Saffira is langs mekaar begrawe omdat hulle vir God gejok het (slide 10)
- Ananias en Saffira is swaar gestraf omdat hulle gejok het.
  - Hulle het nie vir mense gejok nie, maar vir God.
  - Hulle het gesondig teenoor God.
- Ons moet nooit vir God jok nie. Vertel altyd die waarheid maak nie saak of dit stoute dinge is nie.
- Skynheiligheid (om voor te gee dat jy iets/iemand is wat jy nie is nie) is 'n vorm van jok en Jesus hou niks daarvan nie (lees gerus Mat 23:5 en 23:13-28).
- Die Here wil hê ons moet altyd die waarheid vertel.
- Ons vertel soms leuens, maar ons moet dadelik vir God vra om ons te vergewe. Dan moet ons probeer om dit nie weer te doen nie.
- Hy is 'n God van liefde

❖ **BEELD OF METAFOOR**

- **"Pinokkio"** – wat ons herinner dat dit verkeerd is om te jok.

❖ **HUISGELOOF**

- Gesels as gesin oor:
  - "Almal van ons het ongelukkig al gejok. Wat is die nagevolge van jok?"
  - "Hoe kan ons mekaar help om nie te jok nie?"

❖ **AKTIWITEIT**

- Ons gaan 'n Pinochio maak om ons te laat onthou om altyd die waarheid te vertel.
  - Gesiggie van Pinocchio word geprint.
  - Kinders kan dit self ook teken en inkleur
  - Toiletrolletjie kan geplak word vir neus wat groei

- OF
  - Print die gesiggie uit.
  - Knip ogies uit en maak 'n masker met rekkie om

- Of
  - Pinochio prentjie met strooitjie neusie (download is van prentjie is by e-pos aangeheg)